

**Skriflesing** Matt 5:8; 27-28; 6:24; 12:34-35; 15:18-19; 23:25-28

**Tema** Gelukkig met 'n rein hart

Die beheersentrum van 'n rekenaar is die "cpu" wat 'n afkorting is vir "central processing unit". Vanuit hierdie eenheid word die hele werking van die rekenaar gereël. So is die hart die beheersentrum van ons lewens. Daarom dat ons in Spr 4:23 lees: "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe."

Wat gaan in beheersentrum van jou lewe aan? Kom ek maak dit maklik. Waarom is jy hier in die erediens vanoggend? In jy hier omdat jy hier moet wees? Is dit die vrees dat een of ander ramp jou sal tref as jy nie vandag in die erediens is nie, wat jou hiernatoe bring? Is jy bang dat jou besigheid sal misluk of dat jy hel toe sal gaan? Of is jy vandag dalk hier sodat die Here jou moet seën?

Iemand met 'n rein hart het een rede waarom hy of sy hier is. Dit gaan nie oor eie voordeel nie. Daar is een saak in die beheersentrum van so 'n persoon wat hom dryf en dit is die roem, lof en eer van God. So 'n persoon leef elke oomblik van elke dag met een enkele sentrale fokus. Dit is dat God sal glimlag oor elke ding wat hy of sy dink, sê en doen!

'n Rein hart is 'n onverdeelde hart. Dit is 'n hart wat "commit" het. 'n Hart vol totale toewyding aan die Here. 'n Hart wat "kook" net vir die Here.

'n Rein hart beteken om net één ding te wil en dit is God, Sy eer, waarvan Hy hou en wat vir Hom goed en aanvaarbaar is. 'n Rein hart is om een ding te begeer, naamlik God se waarheid en waardes in alles wat ons doen. Die doel van 'n rein hart is om alles wat ek doen te belyn met die waarheid van God se Woord! Ek het net een begeerte... God se wil, net Sy wil in my lewe!

Die Here is baie duidelik hieroor. Ons moet 'n keuse maak. Hy sê vir ons in Matt 6:24 dat ons nie twee Here kan dien nie. Die duiwel weet dit ook. Maar hy is 'n sluwe kalant.

Die duiwel loop nie goeie getroue gelowiges tromp-op nie. Hy weet so goed soos ek en jy dat hy jou nie met 'n aggressiewe konfrontasie sal oortuig nie. Hy gaan nie voor jou kom staan en vir jou sê: "*verwerp God*" of "*vloek God*" nie. Hy weet mos jy sal dit nooit doen nie! Hy is egter heel tevrede as jy jou lewe met soveel ander "belangrike" goed vol stop dat jy vir God op die rak tussen al die ander goed plek maak. Die duiwel doen sy bes dat jy jou hart vertroebel met 'n warboel ander prioriteite soos genot, gemak, geluk en sekuriteit. Dan is God nie meer in beheer nie. Hy raak maar net een van die goed. Ons probleem is nie dat ons nie die Here wil dien nie. Inteendeel, ons almal wil die Here dien. Die probleem begin wanneer ons Hom **ook** wil dien, daar tussen al die ander goed.

Daar is by die meeste van ons geen sprake van dat ons Hom wil uitskuif uit ons lewens nie. Natuurlik moet Hy gedien word. Natuurlik moet Hy sy deel kry. Sy deel van my geld, van my tyd, van my aandag ... Sy deel wat veronderstel, selfs al is dit onbewustelik, dat daar 'n deel of dele is wat Hy nie kry nie, wat nie Syne is nie.

So het ek al mense hoor sê dat die Here 'n tiende wil hê van wat ons s'n is. Daar is twee probleme met so 'n stelling. In die eerste plek besit ons niks nie. Alles is uit genade aan ons geleen. En dan soek die Here jou hele lewe, alles wat jy is en het. As riglyn vir jou dankoffer, vra Hy van jou jou tiende.

Dalk is ons al só ver op hierdie pad dat ons begin dink dat dit onmoontlik is om rein harte te hê wat net één ding wil. Dit is onmoontlik om toegewyd te wees aan God by die huis, werk, in ons vriendekring en sport en vryetydsbesteding, oral ... Tog kan dit.

Paulus getuig van sy rein hart in Fil 3:13-14: "Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus."

'n Rein hart, 'n hart wat aan die Here behoort, kan nie geheim bly nie. Dit is soos wanneer 'n man en 'n vrou verlief is. Jy sien dit, jy hoor dit, jy voel dit sommer aan.

'n Rein hart verander ons lewens, van binne na buite. Dit word sigbaar in jy denke en daad en hoorbaar in jou woorde.

'n Rein hart rig jou gedagtes. Ons lees in Matt 5:28 die volgende waarskuwing oor ons gedagtes: "Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." In Fil 4:8 word ons opgeroep: "Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig."

'n Rein hart word hoorbaar in jou woorde. In Matt 12:34 staan daar: "Wat die hart van vol is, loop die mond van oor." en in Matt 15:18: "Maar wat by die mond uitkom, kom uit die hart, en dít is die dinge wat die mense onrein maak."

'n Rein hart is 'n hart wat sigbaar word in jou daad. Ek moet dadelik sê dat die probleem met die Skrifgeleerdes en Fariseërs nie was dat hulle lewens nie goed gelyk het nie. Dit was hulle hart of beheersentrum wat nie reg was nie. Hulle beïndruk dalk mense, maar God weet wat hulle motiewe is. Hy word nie beïndruk deur hulle uiterlike godsdienstige gebruike nie. Die Here spreek vir hulle aan in Matt 23:25-28: <sup>25</sup>Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binne is hulle vol hebsug en onmatigheid. <sup>26</sup>Blinde Fariseër, maak eers die binnekant van die beker skoon, dan sal sy buitekant ook skoon wees. <sup>27</sup>Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle is soos witgeverfde grafte, wat van buite mooi lyk maar daarbinne vol doodsbene en allerhande onsuiverheid is. <sup>28</sup>So is julle ook: van buite lyk julle vir mense vroom, maar van binne is julle vol huigelary en minagting van die wet."

Uit 'n rein hart, vloei 'n rein lewe. 'n Rein hart sê nie: "Moenie maak soos ek maak nie, maak soos ek sê." 'n Rein hart sê nie een ding en doen 'n ander nie.

'n Rein hart is 'n brandende hart. Vir Calvyn was 'n brandende hart die simbool van geloof. 'n Rein hart is 'n rustelose hart om die Here se liefde na hulle te neem wat Hom nie ken en dien nie. Dit is 'n rustelose hart om iets te doen aan die nood van die wêreld.

Ons sien in die laaste plek dat 'n rein hart 'n hart vol eenvoud is. Ons wil te veel doen, te veel leef en te veel hê. Ons lewens is te ingewikkeld en te vol. 'n Eenvoudiger lewenstyl wat fokus op wat werklik saak maak, is vir God aanneemlik.

Wanneer jy so 'n rein hart het, sal jy God sien. Hy belowe in Jak 4:8a: "Nader tot God en Hy sal tot julle nader." Nader tot God en jy sal Sy teenwoordigheid ervaar en geniet. En weet dat wanneer die Here jou kom haal, jy in die hemel vir God in volmaaktheid sal sien.

### **Afsluiting**

Jou hart is die beheersentrum - die "cpu" van jou lewe. Wie is in beheer in die beheersentrum van jou lewe?

**Amen**